

Gereformeerde Kerk Bellville – 15 Julie 2018 – Oggend

Sing vooraf staande: Psalm 55:1, 3 (p. 275)

- 1 Verhoor, o God, verhoor my klagte, / as ek, gekwel in my gedagte,
geen rus kan vind of plek van vrede. / Net onrus is daar in my hart:
ek dwaal, ek duisel, voel verward. / Verberg U nie, maar hoor my bedel!
- 3 Ag, was ek nou, deur angs omgewe, / maar soos 'n duif, omhoog gehewe –
ek sou met snelle vleuelslae / wegvlieg tot waar die wildernis
my skuiling bied, waar 't veilig is / teen alte felle onweersvlae.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 145:1, 3, 4 (p. 696)

- 1 U Naam, o HEER, so hoog in heerlijkheid, / wil ek verhef vir ewig en altyd;
u Koningseer wat alle krone oorstraal, / wil ek verhoog in onvermoeide taal.
- 3 Omdat, o God, in dié geheimenis / vir ons vernuf geen grond of einde is,
daarom prys ons u wêrk, u dáád van krag, / van kind tot kind, tot in die nageslag.
- 4 Die skitterglans wat uit u majesteit / u wonderwerk bestraal met heerlijkheid,
gedugte krag wat ons van angs laat vrees, / u grootheid, HEER – dit sal my lofsang wees.

Geloofsbelydenis: Nicea

Wet

Psalm 119:35, 36 (p. 593)

- 35 U behoort ek al my dae, / help u dienaar, goeie HEER!
Soek my heil; ek soek my lewe / in die waarheid van u leer.
Goddelose wil my ombring, / lê en loer en hou die wag,
maar ek let op hoë dinge, / 'k gee op u getuig'nis ag.
- 36 Nimmer, nêrens het my oë / op die wêreld iets aanskou
wat bestendig voort kan duur nie / en sy wese kan behou.
Wat volmaak skyn, het 'n einde, / moet, met al wat is, verslyt;
net u wet, in duur onendig, / is volmaak en eind'loos wyd.

Gebed

Psalm 56:1, 3 (p. 280)

- 1 Genade, o God! Ek hoop op U alleen. / Die vyand staan met trots en haat my teen;
hy veg, verdruk, vertrap. Waar moet ek heen?... / Op U, my God, vertrou ek.
U gee u woord, dit sal my nooit begewe, / daar leef ek mee, dit dra my deur die lewe;
ek gee my hart, tot U omhooggehewe – / wat sou ek vlees dan vrees?
- 3 Hoe hulle my op elke vlugpad kwel, / U weet dit, HEER; my trane 't U getel,
dit in u Boek op eewge skrif gestel. / Só was U my gedagtig!
My vyand vlug, U, Redder van my lewe, / U is by my en sal my nooit begewe.
My hart is stil, tot U omhooggehewe. / Wat sou ek vlees dan vrees?

Skriflesing: 1 Samuel 21; Psalm 56

Kernverse: Psalm 56:9

U het my omswerwinge getel; hou my trane in u kruik; is hulle nie in u boek nie? (Psalm 56:9 AFR53)

Tema: Ons lyding – sinloos of sinvol?

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, lyding en swaarkry is so deel van ons lewe dat dit partymaal wil voorkom asof daar nie een dag sonder lyding is nie. Omdat lyding en swaarkry hulleself so swaar op 'n mens se hele menswees afdruk, maak dit 'n mens se lewe so donker dat 'n mens nie eers meer die dae van voorspoed onthou nie. Mense wat gebuk gaan onder jare lange swaarkry kyk naderhand na alles in die lewe deur 'n bril wat met die donkerte van lyding getint is. Niks in hierdie lewe, of bitter min in hierdie lewe, is vir hulle nog mooi.

En wat lyding nog so ekstra swaar maak, is die feit dat ons so dikwels nie die sin of betekenis daarvan kan insien nie. Wanneer die vloedgolwe van swaarkry slag na slag oor ons slaan, vra ons aanhoudend waarom en hoekom. Waarom moes dit juis my ouers wees wat skei? Hoekom is dit juis my kind, nog so jonk, wat deur 'n ongeneeslike siekte geteister word? Waarom moes juis my pa sterf en my ma alleen agterbly met kwale waarmee die dokters blykbaar geen raad het nie? Waarom is dit juis my ouer wat so lank in die lewe gehou word terwyl sy nie eers meer kan praat nie, sy haar eie kinders nie eers meer herken nie? Waarom? Hoekom? Waarom? Waarom?

Geliefdes, ons wat effens buite hierdie lyding en swaarkry is, staan stom voor ons broers en susters. Ons weet nie mooi reg wat om hulle te antwoord op hierdie waarom- en hoekom-vrae nie. Ons het nie altyd vir hulle 'n antwoord nie. Of ons gryp in wankelrigheid na woorde soos: God het 'n doel daarmee, Hy sal niks oor jou laat kom as dit nie in sy raad is nie. Of ons stotter in ons stompsinnigheid iets van sonde en straf uit. En die uiteinde van ons geswyg of swakke antwoorde maak die pyn, ellende en lyding net swaarder vir ons broers en susters. Of dit kan veroorsaak dat hulle in opstand kom teen dit waarin hulle nog altyd geglo het.

Is daar dan enigsins antwoorde op hierdie waarom- en hoekomvrae. Daar is beslis antwoorde daarop, maar die Here gee nie altyd aan ons die gawe om al hierdie vrae te beantwoord nie. In elk geval gee Hy nie altyd dadelik vir ons die antwoord wat ons verlang nie. Ons wil egter nie vanoggend vanuit Psalm 56 spesifieke antwoorde op die waarom-vrae kry nie. Maar met hierdie gedig van Dawid wil die Here vir ons die volgende vraag beantwoord: Is ons lyding sinloos of sinvol? Toe Dawid hierdie gedig geskryf het, het hy 'n besondere moeilike tyd van sy lewe ervaar – 'n tyd wat vir hom gevul was met waaroms.

Kort voordat hy deur die Filistyne gevange geneem is, het dit uitsonderlik voorspoedig met hom gegaan. Die son het werklik helder vir Dawid geskyn. Deur die krag van die Gees van God en in die Naam van die lewende God het Dawid die reus Goliat met een gladde klippie teen die grond neergevel. God het met Dawid as aanvoerder van Israel se leër die Filistyne by die tienduisende laat val. Dawid het nog boonop die skoonseun van koning Saul geword. Hy het vir sy skoonpa op die lier gespeel om sy gemoed tot bedaring te bring wanneer die bose gees hom geteister het.

In die hele Israel was Dawid beroemd. Die volk het hom liefgehad. Selfs die vyande van God se volk het groot respek vir hom gehad, want die Here, die God van die hemel, was by Dawid. En alles wat Dawid aangepak het, het goed afgegaan. Alles het vir Dawid voor die wind gegaan.

Toe kom daar skielik 'n radikale verandering. Omdat die vrouens in hulle koorsange meer eer aan Dawid as aan Saul gebring, het dit by Saul 'n vlam van haat aan die brand gesteek. Van die dag af dat die vrouens gesing het: **Saul het sy duisende verslaan,**

maar Dawid sy tienduisende! het Saul vir Dawid gewantou. Toe hy hom nie met sy spies teen die muur kon vaspen nie, het hy vir Dawid aanhoudend op die gevegsveld uitgestuur met die hoop dat die Filistyne hom sou doodmaak. Maar die Here was by Dawid. Hy het elke keer behoue teruggekeer. Selfs nie eens Saul se eie dogter en seun kon hom oorreed om nie vir Dawid dood te maak nie. Saul se woede teen Dawid het veroorsaak dat die land vir hom te nou geraak het. Hy moes vlug.

Van alles ontnem, het Dawid van plek tot plek gevlug. Hy kon nie lank op 'n plek bly nie, want sy eie mense verraai hom aan Saul. Omdat hy in sy eie land nie meer veilig was nie, het hy uitgewyk na Israel se aartsvyande toe, na die Filistyne toe. Toe hy in Akis van die Filistyne aankom, was hy daar nie eers veilig nie. Die mense van Akis het hom herken as Dawid en hulle het hom gevange geneem. Erger kon dit met Dawid nie gaan nie. Hy het so reg in die leeu se bek beland.

Daar hang nou een groot **WAAROM** oor Dawid se lewe. Waarom word juis hy, die man na God se hart, so gehaat? Waarom word daar op hom jag gemaak deur sy skoonpa? Waarom verraai sy eie mense hom? Waarom moet hy selfs in ballingskap uit sy eie land vlug? Waarom moet hy swaarkry en ly onder die bose mense?

Geliefdes, nou kom die vraag by ons op: Wat doen ons wanneer ons so geteister word deur lyding en die waaroms van die lewe? Daar is verskeie dinge wat 'n mens kan doen. Jy kan moed opgee en besluit dit is nou genoeg. En jy kan 'n einde aan alles maak deur in desperaatheid jou lewe te neem. Of jy kan so terneergedruk raak dat jy in depressie verval. Hierdie twee weë is nie noodwendig die maklikste uitweë nie, maar hulle is die mees voor die hand liggend. Tog word Dawid nie deur sy waaromvrae in die grond ingeoor nie.

Ja, maar, sal iemand kan sê, hy is 'n man na God se hart. Hy is tog 'n heilige mens. Dit is reg, maar hy is nie 'n halfgod nie. Hy is nog steeds volwaardig mens, sondaarmens. Omdat God nog altyd by hom was, glo en vertrou hy steeds dat God by hom is. En in plaas daarvan om sy lyding in hom op te krop en so al verder in 'n swart kolk ingetrek te word, stort hy sy klagte voor God uit. Dit verruim sy hart.

Om die las van lyding en swaarkry te dra, kan ons met alle geloofsvertroue ons leed voor God uitstort. Hy wil immers hê dat ons alles wat ons vir liggaam en siel nodig het van Hom moet bid. Ook oor my swaarkry kan en moet ek voor God my hart uitstort. Die mens wat dit nie doen nie, loop die gevaar om in 'n kolk van swartgalligheid ingetrek te word. Hy loop die gevaar om te wankel onder sy swaarkry.

Maar Dawid stort sy hart voor God uit. In sy klagte noem hy wat hom terneergedruk maak. Al sy waaromvrae bring hy voor God, want hy stel sy vertroue op die Here. In hierdie hele psalm gaan dit immers oor vertroue. Ses van die veertien verse bevat woorde van onwrikbare vertroue in die Here – vertroue ondanks die swaarkry en lyding.

En omdat Dawid op die Here vertrou, broers, susters en kinders, weet hy dat sy lyding nie sinloos is nie. Om ons daarvan te verseker dat ons lyding ook nie sinloos en sonder betekenis is nie, het die Heilige Gees hierdie volgende woorde uit Dawid se pen laat skryf:

U het my omswerwinge getel; hou my trane in u kruik; is hulle nie in u boek nie?
(Psalm 56:9 AFR53)

Dawid se ganse ballingskap in die vreemde, elke keer wat hy van die een skuilplek na die ander moes vlug, al die vervolgings van sy vyande, al die kere wat hulle op hom gelê en

loer het, al hierdie ellende en lyding het nie ongemerk by God verbygegaan nie. Liewe broer en suster, jou kind se lyding, jou ouer se swaarkry en die pyn en hartseer wat dit vir jou meebring, gaan nie ongemerk by God verby nie.

Hier breek die troos in 'n helder stralende lig deur tot binne-in jou benoude siel. Jy ervaar die genade van God se troos wanneer jy besef dat al jou lyding aan God bekend is. Sy alsiende oog sien tot in die donker dieptes waar die swaarkry jou al afgedruk het. Maar nog groter en heerliker is die troos om te weet: God sien nie net my swaarkry raak nie. Hy tel dit ook, een vir een, die kleintjies en die grotes, sonder om een van hulle te vergeet. Elke dag se hartseer, elke uur se kommer, elke minuut van kwelling oor jou kind, oor jou ouer, oor jouself word deur God getel en onthou.

Maar dit is nie al wat God tel en onthou nie. Ook al die trane wat van Dawid se wange afgerol het, ook daarop het God gelet. God sien ons trane raak, maar Hy maak ook van elke traan wat ons in ons lyding stort 'n aantekening in sy boek. Nie een enkele traan drup ongemerk op die grond om maar deur die aarde ingesluk te word nie.

Ons mense is van nature geneig om boek te hou van al die voorspoed, geluk, geld en materiële dinge in ons besit. Van die ongeluk en teëspoed vergeet ons eerder. Maar vir God is elke traan wat oor ons wange rol kosbaar. Hulle is so kosbaar dat Hy elke traan in sy boek aanteken.

Geliefdes, met hierdie woorde hef die Gees ons op en druk ons liefderyk en saggies teen die bors van ons hemelse Vader vas. Hier op die aarde stort ons baie maal ons trane in eensaamheid oor die lyding en swaarkry wat ons beleef. Maar bokant ons in sy heilige woning, onsienlik vir ons natuurlike oog, staan God en tel elke traan, en skryf dit in sy boek op. Dit vorm alles deel van God se hemelse boekhoustelsel.

Die Duitse Hervormer, Martin Luther het na aanleiding van hierdie psalm gevra: Het God niks beter om te doen as om die ellende en trane van Dawid te tel nie? Het Hy nie genoeg om te doen nie, die regering van die skepping, die aanhoor van die engelekore? Geliefdes, hierdie vraag van Luther oor hierdie psalm bring ons by 'n dieptepunt van die troos. Ons almagtige God en Vader wat alles geskep het en steeds deur sy voorsienigheid onderhou, het ook nog tyd om soveel aandag aan die lyding en swaarkry van sy kinders te gee dat Hy selfs van elke traan 'n aantekening in sy boek maak. Die trane van die gelowiges wat vir die wêreld iets onbenullig is, is vir die Here kosbaar en belangrik – belangrik genoeg om te tel en te onthou.

Waarom sou ons almagtige God soveel aandag wil bestee aan ons trane in swaarkry gestort? Omdat trane 'n teken van ons magteloosheid is. Met die trane wat ons stort, bely ons voor die Here dat ons nie aan die roer van sake staan nie. Maar ons Vader in die hemel is die Bestuurder van alles deur sy Seun Jesus Christus. En Hy wat aan die stuur van alles is, ons almagtige God, Hy weet ook die beste.

In ons swaarkry en lyding vra ons dikwels: Waarom, want ons begryp nie die sin en betekenis daarvan nie. Maar ons onvermoë om die sin van lyding te begryp, maak ons lyding beslis nie sinloos nie. Jesus se dissipels en selfs gelowiges in vandag se tyd begryp nie altyd God se pad met sy Seun nie. Vir die dissipels was die vernedering en vervolging wat Hy gely het ook sinloos. En toe Hy nog boonop aan die kruis gesterf het, het dit vir hulle gevoel of hulle hele wêreld in duie stort. Waarom, het hulle ook gevra. Tog ken ons die antwoord op hierdie vraag: Omdat God die wêreld so liefgehad het, het Hy sy eie Seun gestuur om in die plek van die sondaars te sterf.

Ter wille van God se liefde vir sy mense moes Christus ly, tot in die helse smarte in, ja, tot in die dood in. Jesus Christus het hierdie geloofsvertroue waarvan Dawid profeties geskryf het, kom vervul. Omdat Christus sy vertroue onder alle omstandighede op sy Vader gestel het, moes hy vyandskap en vervolging verduur. En sy sterwe en opstanding het die beloftes van God, ook die beloftes van Psalm 56, weer ons eiendom gemaak.

Broers, susters en kinders, daarom kan ons ook vandag met volle geloofsvertroue sê: My lyding en swaarkry, hoe erg dit ook al mag wees, is nie sinloos nie. God skryf elke traan van my op in sy boek. My ellende is kosbaar vir die Here in sy koninkryk.

Mag die Heilige Gees vir elkeen van ons hierdie begrip bevestig sodat ons kan sien dat ons lyding sinvol is vir God. Dan sal ons ook die lyding kan verduur en in blydschap en dankbaarheid ons hele lewe aan God as 'n dankoffer toewy.

Amen!

Slotgebed

Psalm 34:8, 9 (p. 169)

- 8 Die HEER's die hart naby / wat gans verbroke^{nis} is en verskeur.
Die gees wat diep verslae treur, / verlos, bemoedig Hy.
Hoe kom hul altyd weer, / die teëspoede van wie hier
regverdig leef; maar Gods bestier / red hulle keer op keer.
- 9 Sy beend're word bewaar: / God sorg dat daar geeneen van breek.
Maar wie hom haat – die onheil wreek / dit op die skuldenaar.
Die HEER sal hul bewaar, / sy volk wat op sy hulp vertrou.
Hy sal hul in sy guns aanskou / en skuldig nooit verklaar.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Ds Coen Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
15 Julie 2018